# Wat bepaal die prys van heuningbos?

## Verkenning van verhoudings, verantwoordelikhede en ware kostes van elke oes

Om te verstaan wat die prys van heuningbos bepaal, verg kennis van die baie kragte wat 'n invloed het op die reis van heuningbos vanaf die omgewing van oorsprong tot by die besluite van die verbruiker van die finale produk. Dis 'n lang, komplekse reis, en dit help indien al die belanghebbendes verstaan watter kwessies 'n effek het op diegene in die verskillende fases van die waardeketting. Hierdie hulpmiddel kan 'n meer deursigtige vertrouensverhouding tussen die belanghebbendes bevorder. Dit skep moontlikhede vir die optimale waardeverhoging van heuningbos, insluitende geleenthede vir beter pryse asook die geassosieerde bepalings en voorwaardes vir besigheid.

**Cyril Lombard - AbioSA Adviseur**

### Plaaslike markgeleenthede



- Heuningbostee as 'n natuurlike tee
- Verkope aan plaaslike winkels en gastehuise




- Ekotoerisme
- Transformasie tot verskillende produkte, bv. in die geurbedryf



**Wat verlang die kopers?**

- Gehalte
- 'n Goeie prys
- Gesondheidsvoordele
- Beskikbaarheid!



Bemarking

Verspreiding

Vervoer

### Internasionale markte





Heuningbos ding mee met ander kruietees.

**Kostes word geaffekteer deur:**

- Uitvoer/invoer/doeanebelasting
- Wisselkoersfluktuasie
- Tariewe
- Die vraag na **organiese** tee van gehalte

Heuningbostee wat uitgevoer word, moet voldoen aan internasionale organiese standaarde. Organiese sertifisering, toetsing en oudit dra 'n hoë koste en die regulasies verander dikwels.

### Regering

### Bedryfsliggaam SAHTA

### Plaaslike organisasies

### Gemeenskappe


Geleenthede vir toegang en voordeel-deling

**Regering, SAHTA en plaaslike organisasies help belanghebbendes in die bedryf met regulatoriese vereistes.**

**Dit sluit in:**

- Registrasie van heuningbos se geografiese aanwyser
- Verkryging van uitvoerkodes van internasionale markte
- Sertifisering van heuningbos as 'n natuurlike tee (Suid-Afrikaanse sertifisering)
- Toegang en voordeel-deling
- Bewaring van heuningbosspesies en volhoubare gebruik

### Verwerker




**Die verwerker dra verskeie kostes, insluitende:**

- Bedryfskoste
- Gesondheids/ veiligheidsertifisering
- Organiese sertifisering
- Toetsing van produk
- Verpakking





Prysonderhandeling





Vervoer

- *Cyclopia subternata*
- *Cyclopia intermedia*
- *Cyclopia genistoides*
- *Cyclopia longifolia*




### Heuningbos

Permitte



### Oes in die natuur

PPE/toerusting



### Verbouing/kwekerye

Grond



### Grondeienaar/boer

forestry, fisheries & the environment
Department: Forestry, Fisheries and the Environment
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

InnovationCircle Consulting Africa

creative contracts

QuietInsight LLC — When Life meets Wisdom

BIO INNOVATION AFRICA

giz Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) GmbH

# Voorstelle vir gesprekke

## Meer as 'n prysetiket

Elke koppie heuningbostee ontstaan lank voordat die koper 'n etiket sien. Dit begin in brand-aangepaste landskappe wat deur tyd gevorm is. In versigtige hande wat oes en sorteer. In gedeelde transport, gereedskap, ooreenkomste, en kennis wat van mens tot mens aangegee word. Hierdie diagram toon nie die hele sisteem nie, want dit is 'n komplekse, lewende wêreld. Dit toon eerder die sleutel-verhoudings en prysinvloede wat ons help om beter vrae te vra.

Daar word dikwels gesê prys weerspieël wat iemand bereid is om te betaal, maar dit laat 'n dieper realiteit buite rekening. In baie gemeenskappe word waarde bepaal deur wat mense kan bekostig, nie net wat hulle begeer nie. 'n Paar ontwerper-tekkies kan duisende kos, terwyl 'n sakkie heuningbostee – geproduseer deur ure van vaardige werk en diep ekologiese begrip – sukkel om die koste van arbeid, gereedskap, vervoer en tyd te dek.

Hierdie diagram nooi vars gesprekke uit. Nie net oor transaksies nie, maar ook oor verhoudings. Oor bydraes en sorg. Oor dit wat sigbaar raak as ons prys begin sien as deel van 'n wyer sisteem – ekologies, sosiaal, en menslik. 'n Sisteem waaraan ons almal help vorm.

## Kyk saam na die prys

'n Gespreksgids om vas te stel wat dit is wat waarde gee aan heuningbos. Daar is nie net een enkele antwoord op die vraag wat die prys van heuningbos bepaal nie. Dis nie net een ding nie – dis 'n sisteem. Sommige dele is duidelik, ander verander heeltyd. Dis waarom ons nie alles dadelik hoef op te los nie. Ons kan begin deur te kyk wat werk, wat onduidelik is, en watter klein stappe ons kan doen om dinge meer billik en deursigtig te maak.

### 1. Verstaan ek wat affekteer die prys wat ek betaal word?

Vra jouself of jou groep:

- Watter deel van die proses verstaan ek goed?
- Wat voel nog onduidelik of verwarrend?
- Waar sien ek dat dieselfde ding oor en oor gebeur?
- Wat is die een klein dingetjie wat ek volgende keer anders kan doen om te sien wat verander?

**In 'n veranderende sisteem kan klein stappe nog steeds 'n verskil maak. Ons het nie volle beheer nodig om te kan leer en verbeter nie.**

### 2. Weet jy wie trek voordeel langs die pad van plant tot by tee?

Praat oor:

- Wie word in elke stadium betaal – grondeienaar, verwerker, vervoerder, winkel?
- Word die verdienstes en verantwoordelikhede regverdig gedeel?
- Is daar plekke waar mense dink iets is regverdig – maar dit voel nie vir jou billik nie?
- Wie moet ook deel uitmaak van hierdie gesprek?

**Wanneer ons deel wat ons sien, help ons andere om ook meer te sien.**

### 3. Sien ek hoe die natuur en mense aan mekaar verbind is?



Ondersoek saam:


- Hoe affekteer die grond, die weer of die plantkondisie jou werk?
- Watter kennis of goeie praktyke is aan jou oorgedra?
- Verloor ons hierdie kennis of behou ons dit?
- Hoe lyk 'n gesonde heuningbos-area binne vyf jaar? Wat kan gebeur as niks verander nie?
- Wat doen ons reeds wat wys ons gee om vir die grond?

**Die natuur is ook deel van hierdie sisteem. As ons oplet en praat, help ons die natuur om sterker te word.**

# Wat kan 'n uitwerking hê op die prys wat jy betaal word?

**Hier is 'n paar sleutel-vrae waarvan jy die antwoorde moet ken wanneer jy praat oor pryse vir die tee wat jy oes. Dit is belangrik om die antwoorde te ken sodat jy duidelikheid het oor wat jy uiteindelik betaal gaan word.**

| | Vrae | Merk die blokkie as jy die antwoord weet |
|---|---|---|
| **Oes-tipe**   | Watter tipe tee het jy geoes? (bergtee het premium-waarde)<br>Besonderhede: ..................................... ..................................... | ☐ |
| **Grondeienaar**  | Watter bedrag gaan na die grondeienaar? Is hierdie bedrag deel van die prys per kilogram?<br>Besonderhede: ..................................... ..................................... | ☐ |
| **Vervoer**  | Wie betaal vir die vervoer?<br>Word geld van die prys per kilogram afgetrek indien vervoer voorsien word?<br>Besonderhede: ..................................... ..................................... | ☐ |
| **PPE**  | Wie voorsien die gereedskap en PPE?<br>Waarvoor is die grondeienaar verantwoordelik? (byvoorbeeld om paaie skoon te maak en lyndrade te span)<br>Besonderhede: ..................................... | ☐ |
| **Vreemde objekte**  | Wat affekteer die gewig van die bondel?<br>Wat gebeur met vreemde objekte of ander plante?<br>Wanneer word dit verwyder?<br>Besonderhede: ..................................... ..................................... | ☐ |

| | Vrae | Merk die blokkie as jy die antwoord weet |
|---|---|---|
| **Plantgrootte/ouderdom**  | Wat word ingesluit of uitgesluit in terme van plantgrootte of ouderdom? Bv: word stingels wat te dik is, verwyder voor die plante geweeg word?<br>Dit sal gebeur met bergtee omrede dit naby die grond geoes word.<br>Besonderhede: ..................................... | ☐ |
| **Gewig**  | Watter gewig bepaal die finale prys wat jy betaal word (in die veld, of by die verwerker nadat dit gesorteer is?)<br>Besonderhede: ..................................... | ☐ |
| **Vog**  | Werk jy met die nat of droë gewig?<br>Watter uitwerking het tyd?<br>Besonderhede: ..................................... ..................................... | ☐ |
| **Werk as 'n span**  | Indien julle 'n span is, hoe sal julle die betaling verdeel?<br>Besonderhede: ..................................... ..................................... | ☐ |
| **Ander** | Enigiets anders?<br>..................................... ..................................... ..................................... ..................................... ..................................... | ☐ |